# President S. J. P. Kruger en die sending

*Ds. H. A. Louw*

Mens kan oor die Gereformeerde Kerke en die sending gedurende die 19e eeu nie skrywe sonder om aandag te skenk aan die houding van een van sy grootste seuns in daardie tydperk nie. "Die naam Paul Kruger is onlosmaaklik verbonde aan die ontstaan en voortbestaan van die Gereformeerde Kerke in Transvaal, hoewel hy nooit enige kerklike amp beklee het nie. Daar was 'n tyd toe hy predikant wou word, maar moes dié ideaal weglê omdat sy roeping geleë was in diens van die volk . . . Hy was altyd op hoogte met die geestelike peil van die gemeente en 'n sterk voorstander van die kerklike sending" (Spoelstra 1963 : 276).

## HOE KRUGER 'N VOORSTANDER VAN DIE SENDING GEWORD HET

In *Het Kerkblad* van 16 Januarie 1922 skryf mev. E. F. Eloff, oudste dogter van pres. Kruger: "My vader het ons vertel dat toe hy nog jonk was, hy eintlik niks vir die sending omgegee het nie. Dog daar het iets gebeur wat die aanleidende oorsaak was dat hy nie net 'n voorstander maar 'n yweraar vir die saak van die sending geword het". Een van sy swart werknemers het naamlik telkens by hom daarop aangedring dat hy hom moes leer lees, sodat hy ook sy Bybel kon lees. Kruger het nie veel notisie van die Swartman geneem nie. Later het die man ernstig siek geword. Hy laat Kruger toe roep om vir hom 'n gebed te doen. Toe hy by die siek man kom, sê die vir hom: "Ag meneer, ek het jou altyd gevra om my te leer en jy het nie, nou kan ek nie vir myself bid nie". Hy het toe vir die sieke 'n gebed gedoen en hom daarna die "Onse Vader" laat nabid. Die Swartman is toe daarna oorlede. Paul Kruger het hom die voorval baie aangetrek en het sedertdien 'n diep gevoel vir die sending gehad. Hy het tewens 'n baie groot voorstander daarvan geword.

## KRUGER EN DIE DUITSE SENDELINGE

In genoemde artikel in *Het Kerkblad* meld mev. Elsie Eloff voorts dat haar vader in die jare sestig van die vorige eeu 'n plaas in die Pilaansberg gehad het met die naam Saulspoort. Hy het die plaas net in die winter besoek, veral om saam met vriende daar te gaan jag. Daar het heelparty Swartmense gewoon. Op versoek het hy die Duitse sendelinge toegelaat om onder hulle te werk.

Toe Kruger nog kommandant was, het 'n Duitse sendeling na hoofkaptein Magato gegaan wat naby die dorp Rustenburg gewoon het, en hom gevra om onder sy mense sendingwerk te doen. Die hoofman was die sending nie goedgesind nie en wou die sendeling nie daar toelaat nie. Kruger het 'n plaas gehad wat direk aan Magato se grond gegrens het. Toe hy van Magato se weiering hoor, het hy dadelik na hom gegaan en sy invloed gebruik om hom te beweeg om die sendeling toe te laat om onder sy volk te werk. Omdat kommandant Kruger groot invloed by

Magato gehad het, het laasgenoemde toestemming verleen. Kruger het toe sy plaas as woonplek aan die sendeling beskikbaar gestel en daar is 'n kerk en pastorie opgerig. Later het hy die plaas aan die Duitse sending verkoop.

KRUGER EN DIE EVANGELIS DAWID

In *Die Kerkblad* van 6 Maart 1974 deel dr. W. A. Venter die volgende merkwaardige verhaal mee. Gedurende 1871 het 'n Swartman, Dawid Magatta (moontlik Magato), in Potchefstroom gewoon. Hy het jare tevore onder die prediking van eerw. Archbell tot bekering gekom. Later het hy na Potchefstroom gestap, waar hy hom gevestig het. Daar het dit hom ter harte gegaan dat die meeste Swartmense nog heidene was.

Hy begin hulle dus bearbei. Elke oggend was hy op die markplein om met hulle oor hul geestelike heil te gesels. Dawid het waarskynlik bietjie oorywerig te werk gegaan, want hy is spoedig van openbare rusverstoring aangekla. Hy het strydig met die wette van die republiek en op eiegeregtige wyse hom verhef tot 'n "opregte dienaar van het Woord der Waarheid en des vredes" en is deur die landdros tot lyfstraf gevonnis. Hy moes ook Transvaal verlaat. Op die grens het hy egter kommandant-generaal Kruger ontmoet. Volgens dr. Venter kon hy na Potchefstroom terugkeer.

In die reeds gemelde artikel van mev. Eloff in *Het Kerkblad* van 16 Jan. 1922, deel sy mee dat Dawid die Gereformeerde leer toegedaan was. Op sy dringende en beleefde versoek is hy toegelaat om in die deur van die kerk te sit en na die Woord te luister. In 'n skrywe in *De Maandbode* van 1 Des. 1880 deel Kruger self mee dat dieselfde Dawid omstreeks 1860 (want hy sê "omtrent 20 jaren geleden") "bij den Weleerwaarden Postma in de kerk kwam" – waarskynlik 'n buitelugdiens, want dis kort na die stigting van die eerste Gereformeerde Kerk in Transvaal te Rustenburg in 1859. Kruger skryf: "Ik leerde hem kennen voor een christen. Hy arbeidde onder de Zwarten door het Evangelie te verkondigen. Hier was nog geen zendeling en de Zwarten wilden hem dooden en wilden hem niet hooren. Hij vluchtte naar mij om zijn leven te beschermen. Ik was Commandant. Hy vraagde bij mij te wonen. Omtrent 10 dagen bleef hij bij mij. Op een morgen vroeg kwam hij wenende tot mij en zeide: 'Meneer! ik zal toch maar loop'. Ik vroeg hem: 'waarheen?' En hij zeide: 'om de boodschap van Jezus onder mij mense te gaan vertel. Ik weet niet wanneer de Heere zal komen, vanavond of morgen, en hier leg ik, wat zal ik zeg als de Heere morgen kom?' Ik werd bij mijnzelven verlegen en beschuldigde mij van ontrouw en zeide aan hem: 'Ga heen met vrede, de Heere zal u helpen' ".

J. du Plessis, in sy bekende werk "A History of Christian Missions in South Africa" (1911 : 376 - 377), maak ook melding van Dawid en sê dat hy lank onder blankes gewoon het. Later het hy onder sy eie mense, die Bakwena, 'n Tswana-stam, gaan woon. Hy slaag daarin om hulle te beweeg om die Sabbat te onderhou, kerkdienste by te woon en die Woord van God te lees én te bid. Baie het Christene geword. Dit het daartoe gelei dat die stamhoof die Hermannsburgse sendelinge genooi het om onder sy mense te kom werk. Die eerste sendeling was Behrens en hy stig die sendingstasie Bethanië. Dawid het met sy sterk karakter diep

indruk op die Boere gemaak en baie het gesê dat as die uitlandse sendelinge meer manne soos Dawid gelewer het, sou hulle nie so baie besware teen die sendingwerk gehad het nie (aldus Du Plessis in a.w.).

KRUGER EN DIE NED. GEREF. SENDELINGE IN TRANSVAAL

Die Ned. Geref. Kerk in Transvaal was van die begin af die sending goedgesind (Scholtz, 1956 : 229). Vanweë die pionierstoestande en die relatiewe armoede van die Afrikaners in Transvaal, kon nie van die begin af daadwerklike sendingwerk gedoen word nie. Die sinode van die Kaapse kerk in 1857 het egter 'n keerpunt in die sendingwerk van die Ned. Geref. Kerk gebring. 'n Kommissie van die sinode het aanbeveel dat die kerk noordwaarts moet kyk en, indien moontlik, binne die ressort van die NG Kerk Lydenburg met sendingwerk begin (Du Plessis, 1911 : 284). Ds. Andrew Murray van Bloemfontein, wat lid van die kommissie was, sou later die eerste twee sendelinge van die Ned. Geref. Kerk in Kaapland wat in Transvaal sou kom werk, di. McKidd en Gonin, in 1862 na Rustenburg vergesel, waar hulle met Paul Kruger kennis gemaak het, wat toe kommandant was (prof. H. du Plessis in *Die Kerkblad*, 23 Maart 1966).

In 'n brief aan sy kinders beskryf Murray kommandant Kruger as 'n goeie, vroom man en gee hy die volgende getuienis oor sy liefde vir die sending: "Mnr. Kruger sê dat toe God aan hom 'n nuwe hart gegee het, dit was asof hy wou hê dat die voëls en die bome en alles hom moes help om sy Verlosser te prys. En so kon hy nie verdra dat daar arme swart mense moes wees wat die Verlosser wat hy liefhet, nie ken en liefhet nie". Kruger self sou sy bedoeling wel in enigsins ander woorde weergegee het as wat Murray aan sy kinders geskryf het. Maar dis tog hieruit duidelik waaroor dit vir Kruger gegaan het. *Dit gaan vir hom om die eer van God*. Hy wil dat die hele skepping saam met hom God prys vir sy groot dade in en deur Christus. Daar is by hom 'n gevoel van onbehae as hy merk dat die heidene dit nie doen nie.

Daarom moet tot eer en verheerliking van God sy Naam aan die heidene verkondig word. Watter diep gelowige taal! Hoe suiwer die motief vir sendingwerk! Kruger gee hiervan blyk in sy afskeidswoorde aan ds. en mev. McKidd met hulle vertrek na hulle eerste vaste sendingveld (in Soutpansberg).

Hieroor berig mev. McKidd die volgende: "Hy (nl. Kruger) het ons besonder bemoedigend toegespreek omtrent ons sendingsaak, hoe dit ons roeping is om die wil van God te doen, al sou ons van tien duisend heidene slegs vyf of tien tot middel van hul bekering wees, of al sou daar nie een tot bekering kom nie. Dan is dit ons plig om die wil van God te doen, om aan hulle die evangelie te verkondig, al sou dit ook nie anders wees as tot 'n getuie teen hulle op die dag van die oordeel" (*Die Kerkblad*, 23 Maart 1963).

Prof. Du Plessis sluit dan sy artikel soos volg af: "Hy het aan die voorpunt gestaan in die stryd vir die stigting van die Gereformeerde Kerk. Dan, net drie jaar later, kom sendelinge van die Ned. Geref. Kerk in Rustenburg aan. Hulle is onvriendelik deur die Hervormdes ontvang en die arme sendelinge het erg ontuis gevoel. By die Gereformeerdes daarenteen geniet hulle 'n vriendelike ontvangs en dit is veral Kruger wat ook weer hierin die voorbeeld stel. Hy soek hulle op, help hulle waar

hy kan, bemoedig hulle. *Kruger, 'n groot Christen was hy, 'n kinderlike gelowige, 'n Dopper-edelman, 'n man van God en 'n sendingbewuste gelowige.*"

## KRUGER EN DIE SENDING IN EIE KERK

In die verslag voor die sinode van 1897 in *Het Kerkblad* lees ons die volgende: "Eer men tot de bespreking overging van dit verslag (i.s. die sending – H.A.L.) werd een schrijven van ZHEd. President Kruger van de Transvaal gelezen waarin melding gemaakt wordt van eene gift van £50 door ZHEd. voor de zending. Met geestdrift betoonde de Vergadering hare dankbaarheid voor deze gift en werd aan eene Commissie opgedragen dat schrijven te beantwoorden" (*Het Kerkblad*, 15.3.1897). In die brief meld pres. Kruger dat dit vanaf die stigting van die kerk sy begeerte was dat die Gereformeerde Kerk ooreenkomstig sy roeping mag arbei tot die uitbreiding van Gods Koninkryk. Waar die kerk nog vroeër swak was, maar nou deur groei versterk is, het hy die vertroue uitgespreek dat die sinode tot werklike optrede in hierdie verband sou oorgaan. Kruger het onteenseglik bewys dat die saak vir hom 'n aangeleentheid van groot erns was binne sy eie kerkverband (W.A. Venter, *Die Kerkblad*, 6 Mrt. 1974).

"Veel van die begeertes van die ou president kon hy nie vervul sien nie, daar die oorlog van 1899 die hele sendingwerk verstoor het, want veral op die gebied van die Gereformeerde Kerke het die oorlog sy verwoestende werk verrig. Eers in 1904 kon die sinode weer vergader, en nieteenstaande al die ellende deur die oorlog veroorsaak, is die sendingvuur eerder aangewakker dan geblus" (De Klerk, 1923 : 140). In *Het Kerkblad* van 15 Jan. 1898 verskyn 'n verslag van "een conferentie gehouden van zendelingen en gekleurde evangelisten met die Algemene Zending Commissie onzer Kerk". Hulle het ook 'n besoek aan die president gebring. Hy was uiters vriendelik, het na buite gegaan waar die evangeliste hom eerbiedig gegroet het en het toe 'n redelike lang toespraak gehou. Hy het begin met die vraag: "Het julle ook reg op die evangelie?" Na 'n rukkie antwoord 'n paar: "Ja meneer, ons reken ons het reg daarop". Dan sê hy: "Ja, julle het net so goed as die blankes daar reg op. Dit leer Gods Woord".

## PRES. KRUGER EN DIE ENGELSE SENDELINGE

Al het die meeste Boere die Engelse sendelinge met agterdog bejeën a.g.v. hulle optrede op politieke gebied, het die president waar hy met hulle te doen gekry het, besondere insig geopenbaar. 'n Tipiese voorbeeld is die volgende. 'n Sekere Pedi-hoofman is in hegtenis geneem omdat hy 'n voortvlugtige oortreder gehuisves het. As gevolg van 'n berig in *De Volkstem* het 'n gerug die rondte gedoen dat twee Wesleyaanse sendelinge sy vryheid wou bewerkstellig. Hulle het toe 'n onderhoud met die president aangevra. Hy het hulle simpatiek ontvang en aandagtig na hulle geluister. Met sy fyn mensekennis het hy onder die indruk van die waarheid van hulle woorde gekom, want hy het daarna verklaar dat die regering nie onwillig was om sendelinge in die land toe te laat nie en ook altyd maar te bereid is om hulle probleme uit die weg te ruim, mits hulle die landswette eerbiedig. Daarmee was die saak afgehandel (Dr W. A. Venter, *Die Kerkblad*, 6 Maart 1974). Oor die algemeen kan gesê word dat

die sendelinge die houding van die Krugerregering t.o.v. geloofsvryheid gewaardeer het. So word in die *Wesleyan Missionary Notices* van 1889 verklaar (vertaal): "Dit is 'n bron van dankbaarheid dat nòg ons werk onder die blankes, nòg ons sendingarbeid enige teenkanting van owerheidsweë in die Transvaal ondervind; inteendeel, die pogings om die geestelike welvaart van die naturelle te verseker, word met steeds groter begrip deur die bevolking bejeën". Eerw. Weavind het tewens 'n sterk ondersteuner van Kruger geword (Venter, *Die Kerkblad*, 6.3.74).

## PRES. KRUGER EN GELYKSTELLING

Gedurende die vorige eeu was daar sterk teenkanting in gereformeerde kringe teen gelykstelling op sosiale, kerklike en staatkundige gebied. Die tragiese kerkskeuring in Angola, omdat 'n blanke predikant Woord en Sakramente aan gekleurde gereformeerde Christene bedien het, is hiervan 'n sprekende voorbeeld (vgl. Jooste, 1975 : 126 - 128). Dit is as 'gelykstelling' beskou.

T.o.v. gelykstelling was pres. Kruger nog 'n kind van sy tyd. Hieroor het hy dieselfde gevoelens gekoester as ander gereformeerdes, w.o. ds. L. J. du Plessis, wat 7½ jaar predikant van Rustenburg was. Uit die aard van die saak het hulle mekaar goed geken. Volgens genoemde verslag in *Het Kerkblad* van 15 Jan. 1898 het president Kruger die evangeliste daarop gewys dat die evangelie aan alle nasies sonder onderskeid verkondig moet word, maar dit bring nie gelykstelling mee nie.

Hy stel dit soos volg: In die geestelike het God geen onderskeid gemaak nie, maar seer seker in die liggaamlike. Hier mag daar geen gelykstelling wees nie. Die gekleurdes mag nie begeer om witmense te word nie, dan wys hulle dat hulle ontevrede is met Gods wil oor hulle. Op aarde moet die onderskeid wat God gemaak het, gehandhaaf word. As ons eenmaal die liggaam afgelê het, eindig alle onderskeid. In die opstanding kry almal verheerlikte liggame en dan sal daar geen onderskeid meer wees nie. Dit kom ooreen met die opinie van ds. L. J. du Plessis oor gelykstelling, wat ons vind in 'n verslag van 'n openbare konferensie gehou te Rustenburg op 8 Okt. 1875 (*De Maandbode*, 1 Des. 1875). Daarvolgens sou ds. Du Plessis gesê het dat daar 'n onderskeid tussen die liggaamlike en die geestelike gemaak moet word. Gelykstelling self is liggaamlik, maar die bediening is geestelik. Wat die geestelike weldade van Christus betref, is daar geen onderskeid tussen blankes en gekleurdes solank hulle maar net gelowig is. Hy beroep hom dan op Hand 15 : 8 - 9, Gal 3 : 28 en Kol 3 : 11. Hierin het hulle tot 'n mate teenoor die Hollandse sendingentoesiaste, soos Postma en Cachet, te staan gekom. Mens kry die indruk dat hulle geïntegreerde gemeentes en skole oorweeg het maar dit voorlopig nog afgewys het omdat die tyd nog nie daarvoor ryp was nie (Spoelstra *in* L. Floor (red.) s.j.:173).

Kruger en Du Plessis neem ook 'n meer gematigde standpunt in as J. J. Venter, verskillende kere waarnemende president van die OVS, en T. F. Dreyer, een keer waarnemende kommandant-generaal van Transvaal. In sy baie verdienstelike artikel "Kolonialisme en ons sendingkrisis gedurende die vorige eeu" (*in* L. Floor (red.) s.j.: 171 - 186) behandel prof. Spoelstra J. J. Venter se opvattings oor gelykstelling op briljante wyse. Daaruit lei mens af dat hy die lyn van gelykstelling

bietjie verder deurgetrek het as pres. Kruger en sy predikantvriend ds. L. J. du Plessis. Dieselfde geld vir T. F. Dryer van Rustenburg. Hy het 'n beskrywingspunt na die sinode van 1876 gestuur wat soos volg gelui het: "Kan de Synode niet besluiten dat een predikant van een blanke gemeente niet voor kleurlingen godsdienst houde, maar dat de kleurlingen hunne eigene leraars hebben?". Van hierdie standpunt distansieer Kruger hom. Ná bogemelde toespraak vir die evangeliste deur die ou president, het iemand hom gevra of dit in sy oë gelykstelling is indien 'n leraar van 'n blanke gemeente ook aan gekleurdes die evangelie verkondig. Hy het beslis geantwoord dat dit geen gelykstelling is nie. Hy het so pas met gekleurdes gepraat en hy moet dikwels groot vergaderings van Swartes toespreek. Toe het hy gevra: "Noemt gij het gelijkstelling als ik zoo iets doe, en dan weer den volgende dag een bijeenkomst van burgers toespreek?" Hy het dit egter nie as wenslik beskou dat leraars wat hulle hande vol het in blanke gemeentes nog onder die gekleurdes ook moet arbei nie. Daarom moet die kerk daarvoor sorg dat daar sendelinge is om Gods Woord aan die heidene bekend te maak. Slawerny het Kruger egter in die sterkste taal afgekeur. Op 'n vraag van Sir Evelyn Wood of Kruger gewillig is om die bepaling in die Sandrivier-Konvensie teen slawerny te bekragtig, het laasgenoemde in 1881 geantwoord: "Ik zal dat tien maal tien keren bekrachtigen. Ik verlang zeer zeker nooit een slaaf te hebben" (F. P. Smit, 1951 : 53).

## SLOTSOM

Mens kom tot die slotsom dat Kruger sy tyd ver vooruit was as voorstander van die sending. In sy "In Memoriam wijlen Pres. S. J. P. Kruger" skryf ds. P. Postma in die *Kerkalmanak* van 1905: "Ook kunnen wij niet nalaten te vermelden den ijver die bij den overledene steeds in de zendingzaak getoond werd. Menigmaal heeft hij gemeente-vergaderingen op dit onderwerp toegesproken met al het vuur van zijn zeggingskracht om tegenstanders te overtuigen. En laat ons hierbij beseffen hoeveel hij zelf in zijn loopbaan ondervonden heeft van de ontrouwheid der Zwarten, en toch bleef hij pal staan op het bevel ons in Gods Woord nedergelegd, en ijverde dat de kerk hare roeping in deze zoude betrachten. Laat ons daaraan denken als kerk en zijn voetstappen volgen"

So het Kruger dan in sy houding teenoor die sending, soos op vele terreine, bewys van innerlike grootheid en ruimhartigheid gelewer. Geen wonder dat die Algemene Vergadering van die ZAR in sy vergadering van Jan. 1898 met byna algemene stemme bewillig het dat die president in die erediens met 'n stigtelike woord mag voorgaan in afwesigheid van die plaaslike predikant. Dis toegestaan op grond van "zijne singuliere gaven". En hy was inderdaad 'n man met buitengewone gawes.

## LITERATUUR

*De Klerk, P.J.S.* 1923. Kerk en sending in Suid-Afrika. Amsterdam.

*Du Plessis, J.* 1911. A history of Christian Missions in South Africa. London.

*Jooste, J.P.* 1975. Gedenkboek van die Dorslandtrek. Potchefstroom.

*Scholtz, G.D.* 1956. Die Geskiedenis van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika. Kaapstad.

*Smit, F.P.* 1951. Die Staatsopvattinge van Paul Kruger. Pretoria.
*Spoelstra, B.* 1963. Die Doppers in Suid-Afrika 1760–1899. Kaapstad.
*Spoelstra, B. in* Floor, L. (red.). 1959. Die Saailand is die Wêreld, s.j. Gedenkboek Die Gereformeerde Vrou 1859–1959. Potchefstroom.
*De Maandbode*, 1 Des. 1880.
*Het Kerkblad*, 15 Maart 1897.
*Het Kerkblad*, 15 Jan. 1898.
*De Kerkalmanak* 1905.
*Het Kerkblad*, 16 Jan. 1922.
*Die Kerkblad*, 23 Maart 1966.
*Die Kerkblad*, 6 Maart 1974.